Het die afgelope droogte in die Vrystaat ‘n effek op wolproduksie gehad ?

(Jan Louis Venter, NWKV Produksie Adviseur: Vrystaat)
Sel: 083-650 1131; Epos: jlventer@intekom.co.za

Inleiding

Wolproduksie statistiek van die 2013-14, 2014-15 en 2015-16 produksiejare is met mekaar vergelyk. Die wol wat in die 2015-16 seisoen gelewer is, was wol wat aan die begin van die droogte periode geproduseer is en vergelyk met die vorige 2 seisoene. Die die 2016-17 seisoen het nog nie afgesluit en daarom is dit nie in die ontleding ingesluit nie.

Die gemiddelde gewig wol geproduseer in die eerste 2 seisoene is bereken aangesien daar verskille in produksie praktyke is (12 maande skeersels vs korter skeersels). Die 2015-16 data is uitgedruk as % van die 2013-14 en 2014-15 seisoen se gemiddelde.

Bespreking

Uit die 50 distrikte in die Vrystaat het wolproduksie in 34 distrikte afgeneem en in 16 distrikte toegeneem.

Daar het groot afnames in die vernaamste wolproduserende distrikte voorgekom en ‘n distrik soos Harrismith het bv.‘n afname van 120 821kg wol gehad. Die distrikte wat die grootste verliese aan wolproduksie gehad het word in Tabel 1 aangetoon.

Tabel 1: Distrike wat die grootste afname in wolproduksie (meer as 50 000 kg) in 2015-16 teenoor die basis-jare 2013-14 en 2014-15 ondervind het:

Distrik	Afname KG	Afname %
Harrismith	120 821	20
Dewetsdorp	111 684	50
Smithfield	109 166	23
Edenburg	73 187	25
Bethlehem	53 549	43
Rouxville	50 880	24

Hierdie afnames kan nie alles net aan die droogte toegeskryf word nie. Dalende skaapgetalle as gevolg van veediefstal het veral in Harrismith, Dewetsdorp en Bethlehem ‘n groot rol gespeel.

Tradisionele wolproduksie-distrikte in die Suid- en Sentraal- Vrystaat is veral swaar deur die droogte getref en het afnames van tot 25% gehad. Die vermoede bestaan dat hierdie afnames in die 2016-17 seisoen nog groter gaan wees.

Tabel 2: Afnames van wolproduksie in distrikte wat veral swaar deur die droogte getref is.

Distrik	Afname KG	Afname %
Dewetsdorp *	111 684	50
Smithfield	109 166	23
Edenburg	73 187	25
Rouxville	50 880	24
Theunissen	31 693	32
Trompsburg	31 435	7
Bloemfontein	29 219	17
Bethulie	26 203	6
Brandfort	25 378	12

*Veediefstal speel ook 'n groot rol in hierdie afname

Tabel 3: Distrikte met beduidende toenames (kg en/of %) in wolproduksie tydens die droogte

Distrik	Gem Produksie 2013-14 tot 2014-15 (KG)	Produksie 2015-16 seisoen (KG)	Verskil	% Toename
Boshoff	108 201	127 831	19 630	15
Petrusburg	18 020	66 665	48 645	73
Wepener	17 840	22 587	4 747	11
Koffiefontein	2 284	5 647	3 363	60

Die beduidende toename in Petrusburg se produksie is veroorsaak deur 'n voerkraal wat daar begin is. Hierdie voerkraal het in die tussentyd weer gesluit.

In die 16 distrikte met verhogings in produksie, het vanaf 'n lae basis plaasgevind. Beduidende toenames het voorgekom in distrikte soos Boshoff en Petrusburg (Sien Tabel 3).

Tabel 4: Die totale wolproduksie van die Vrystaat

Seisoen	Totale Produksie (KG)
2013-14	10 326 986
2014-15	10 115 389
2015-16	9 340 549

'n Afname van ongeveer 10% het dus oor hierdie tydperk in die Vrystaat voorgekom.

Gevolgtrekking

Die droogte het beslis 'n rol gespeel in die afname in wolproduksie in die Vrystaat. Die huidige tekort aan vroulike diere vertraag die herstel van die bedryf en ooie behaal baie goeie pryse. Die goeie wolpryse stimuleer wolproduksie en die produksie behoort binne die volgende 2 jaar weer op die vlakke van 2013-14 te wees of selfs hoër. Produsente moet egter verantwoordelik wol produseer en hulle nie skuldig maak aan kontaminasie van die Suid Afrikaanse skeersel nie, sodat 'n hoë gehalte produk aan die kopers gelewer kan word.

Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.